# ALEXKORONTWIKKELING STIGTING

# AGTERGROND

## 1. AGTERGROND EN LIGGING

Namakwaland, geleë in die Noordwestelike deel van die Noord-Kaapprovinsie, is een van Suid-Afrika se mees afgeleë en onderontwikkelde streke. Die gebied gaan gebuk onder uiterste klimaatstoestande en droogtes kom ook gereeld voor. Die onherbergsaamheid van die gebied (totale oppervlakte van 47 960 km') dra by tot die gebrekkige ontwikkeling van die streek. As gevolg van die lae reënval en die waterskaarstes, is die plantegroei baie yl en maak ook die landboupotensiaal beperk. Basiese geriewe en noodsaaklike infrastruktuur is meestal van onder 'n normale standard.

## 2. DEMOGRAFIE

Die totale bevolking van die Namakwalandstreek is sowat 108 000. Die bevolking is uiters yl versprei. Die gebied toon voorts 'n verlies van persone tussen die ouderdomme van 20 tot 30 jaar, wat hoofsaaklik toegeskryf kan word aan:

- Gebrek aan werksgeleenthede, en
- Verstedeliking

Die fluktuasies in die bevolkingstendense kan toegeskryf word aan die afskaling van mynboubedrywighede in die gebied.

## 3. EKONOMIESE GRONDSLAG VAN DIE STREEK

Namakwaland is 'n tipies ekstensiewe streek met 'n yl bevolking. Die ekonomie van die streek is grootliks gegrond op die mynbousektor. Die vinnige verskraling in die gebied se ekonomiese grondslag die afgelope jaar is direk toe te skryf aan die afskaling van die mynboubedrywighede. Die landbou-sektor behels 'n relatief klein BGP-aandeel. Die landboupotensiaal van die gebied is ook uiters beperk vanweë die volgende faktore:

- Lae drakrag van die grond,
- Lae reënval, waterskaarste
- Langdurige droogtes, en
- Temperatuur-uiterstes.

## 4. INFRASTRUKTUUR

Die ontwikkeling van infrastruktuur in die streek is oor die algemeen op 'n baie lae vlak. Toegang tot basiese geriewe soos elektrisiteit, behoorlike riolering, stormwaterdreinering en watervoorsiening is egter hoog op die agenda van die Regering se Heropbou- en Ontwikkelingsprogram. Die gebrek aan genoemde dienste het 'n ernstige nadelige effek op gemeenskapsgesondheid en die algemene lewensgehalte van die mense van die gebied. Die gebrek aan water is een van die grootste beperkings op die ontwikkeling van Namakwaland. Die afgesonderheid van die gebied en swak verbindingspaaie skep ook probleme. Verbeterde elektroniese kommunikasie is 'n gevoelde behoefte binne die streek.

## 5. AGTERGROND EN LIGGING

Namakwaland (geleë in die Noordwestelike deel van die Noord-Kaapprovinsie) is een van Suid-Afrika se mees afgeleë en onderontwikkelde streke. Die gebied gaan gebuk onder uiterste klimaattoestande en droogtes kom gereeld voor. Die onherbergsaamheid van die gebied (totale oppervlakte van 47 960 vierkante km.

veral vanwee die feit dat die gebied

gekenmerk word deur:

- Lang afstande tussen dorpe
- Die yl verspreiding van die bevolking.

## 6. SOSIAAL -EKONOMIESE ASPEKTE

Die sosiaal-ekonomiese aspekte in die Namakwaland-streek kan soos volg opgesom word:

- Lae geletterdheid onder die grootste deel van die bevolking
- Werkloosheid vanwed die afskaling in mynboubedrywighede
- Groot agterstand in voldoende behuising
- Lae gemiddelde bestedingsvermoë per huishouding
- Baie lae vlak van gemeenskapsgesondheid
- Grootskaalse armoede in sommige gemeenskappe.

## 7. STRATEGIESE GEVOLGTREKKING

Namakwaland is 'n tipies ekstensiewe gebied met 'n yl bevolking. Die grond het 'n beperkte drakrag en kenmerkend van die gebied is betreklik lae inkomste-en produksievlakke. Daar bestaan wel sekere areas met potensiaal vir ekonomiese groei, veral besproeiingsboerdery langs die Oranjerivier en toerisme. Die gebied gaan gaan gebuk onder sekere strukturele probleme, soos; die uiters lae bevolkingsdigtheid en logistieke en kosteprobleme weens die groot afstande, beperkte finansiering vir ontwikkeling en die ontwikkeling van die organisatoriese vermoëns van die gebied.

## 8. REDES VIR DIE SKEPPING VAN 'N ONTWKKELINGSLIGGAAM

Alexkor Beperk bedryf 'n diamantmyn gesetel in Alexanderbaai aan die monding van die Oranjerivier (in Namakwaland). Diamante is 'n nie-hernubare bron. Daar was 'n gröeiende bewuswording dat die nie-hernubare bron optimaal tot voordeel van die breë gemeenskap van Namakwaland aangewend moet word. Alexkor Beperk het 'n sosiale verantwoordelikheid teenoor die gemeenskappe van Namakwaland. 'n Manier moes dus gevind word om die korporatiewe sosiale verantwoordelikheid ten uitvoer te bring. Daar is besluit op 'n afsonderlike entiteit wat in staat sou wees om sy aandag meer doelgerig te fokus op ontwikkeling.

## 9. PROSEDURES GEVOLG MET DIE STIGTING VAN ALD$OR ONTWKKELINGSTIGTING

Vanaf die stigting van Alexkor Ontwikkelingstigtings Korporasie het die Direkteure verskeie metodes oorweeg om sy doelstellings die beste te bereik. 'n Belangrike oorweging was om die gemeenskap in hierdie besluitnemingsproses te betrek in 'n demokratiese proses. Dit was belangrik om die gebied te bepaal ten opsigte waarvan ontwikkeling sal plaasvind. Uiteindelik is die Namakwalandse Landdrosdistrik as die gebied vasgestel.

Verskeie vergaderings het plaasgevind met verskillende instansies, naamlik plaaslike owerhede, belangegroepe soos georganiseerde handel; mynbou en landbou; ontwikkelingsverenigings; destydse streekdiensteraad; verteenwoordigende verenigings wat in die verskillende gemeenskappe bestaan.

Daar is uiteindelik besluit dat 'n trust gevorm sal word waar die plaaslike gemeenskap belangrike inspraak sal hê. Die volgende stap wat gevolg was, was om die Minister van Openbare Ondernemings in Pretoria te besoek om hom te oorreed tot hierdie proses. Uiteindelik het die Kabinet 'n besluit geneem om 'n trust te stig en die trust is dan geregistreer in November 1993.

## 10. SKEPPING VAN DIE TRUST

Die Trust was geïnkorporeer op 30 November 1993 en het begin met werksaamhede in Februarie 1994. Die mees belangrike uitvloeisel hiervan is dat die Trustakte bepaal dat 30% van die nabelaste wins van Alexkor Beperk op 'n jaarlikse grondslag van die Trust oorbetaal word. Die trust was aanvanklik onder die beheer van 'n Raad van Trustees (afsonderlik van die Direksie van Alexkor Beperk) wat bestaan uit 4 persone genomineer deur Alexkor Beperk en 15 persone aangewys om die verskillende gemeenskappe in Namakwaland te verteenwoordig. Ingevolge die Trustakte het die Raad van Trustees finale seggenskap in die besteding van die fondse van die Trust.

## 11. EERSTE RAAD VAN TRUSTEES

Die uitgangspunt met die aanwys van die Trustees was die volgende: om maksimum gemeenskaps betrokkenheid te verkry, om maksimum geografiese verspreiding te verkry, om verskillende rolsprelers in die ekonomiese, gemeenskaps-en sosiale ordes van die streek te betrek, om maksimum verteenwoordiging te kry uit daardie gedeelte van die bevolking wat uit die agtergeblewe gedeelte van die streek afkomstig is en om mense te betrek wat beskik oor 'n bewese rekord van gemeenskapsdiens en betrokkenheid.

Die eerste Raad van Trustees het uit die volgende persone bestaan:

- H.J.S. Stone (Voorsitter)
- G. J. Meiring (Vise-Voorsitter)
- L. W. Dekker
- J. P. Vermeulen
- H. Bowers
- J. Cloete
- G. CloeteJ
- T. Diergaardt
- J. T. Franks
- J. H. Kennedy
- T. v W Kotzé
- J. Links
- C.A. v/d Westhuizen
- P. J. Joseph C. E. Cloete
- M. Tsela
- R. D. Cloete
- E. Ntlai

## 12. HOE ALEXKOR ONTWKKELINGSTIGTING BEFONDS WORD

Die Alexkor Ontwikkelingstigting is direk deur Alexkor Beperk befonds. Aanvanklik is 30% van Alexkor Beperk se na-belaste inkomste aan die Stigting toegestaan volgens die bepalings van die Trustakte van Alexkor Ontwikkelingstigting (Paraagraaf 1 6. 1 ).

As deel van die Regering se herstrukturerings program, het die Regering 'n besluit geneem om Alexkor Beperk te herstruktureer. Om maksimale opbrengste vir alle aandeelhouers te verseker, het die Regering 'n Strategiese Vennoot voorgestel met Swart Ekonomiese Bemagtigings karakter eienskappe. Om hierdie herstrukturerings proses ten uitvoer te bring, was dit nodig dat die verpligtinge van Alexkor Beperk volgens paragraaf 16.1 van die Trustakte, te hersien. (Paragraaf 16.1 dui aan dat Alexkor Beperk jaarliks dertig persent van hul na-belaste inkomste aan die Stigting moet oorbetaal.)

Na onderhandelinge met die konsultante wat deur die Regering aangestel is, is oreengekom dat die Alexkor Ontwikkelingstigting die verpligtinge van Alexkor Beperk sal afgskryf. Van Alexkor Beperk se kant is ooreengekom dat tien persent van die myn se aandelehouding na die Gemeenskappe sal gaan. (Alexkor Ontwikkelingstigting vorm die hoeksteen van 'n entiteit naamlik Namaqualand Development Agency (NAMDA). Namda sal dan namens die gemeenskappe die tien persent aandele ontvang en administrateer.)

## 13. TOEKENNING VAN FONDSE

Op die eerste vergadering van die Raad van Trustees, is besluit om die fondse van die Stigting as volg toe te wys: 25 % word gereserveer vir toekomstige gebruik en belê teen die beste moontlike opbrengs; 30% vir die skepping van infrastruktuur; 25% vir sosiale en gemeenskapsbevordering en ontwikkelingsprogramme en 20% vir werkskeppings-geleenthede.

As gevolg van die feit dat Alexkor Beperk vir 'n groot aantal jare verliese gely het, het die Alexkor Ontwikkelingstigting geen inkomstes van Alexkor Beperk ontvang nie. Die Raad van Trustees was dus verplig om die bostaande toewysing te hersien. Die nuwe toewysing is dan as volg: 65% vir Infrastruktuur, 25% vir Werkskepping, 35% vir Onderwys en Opleiding, 15,5% vir Maatskaplike Ontwikkeling, 18% vir Bedryfsuitgawes en Beleggingsmoontlikhede.

Daar moes ook noodgedwonge van die reserwe beleggingskapitaal gebruik word om die gemeenskappe van Namakwaland optimal te bevoordeel. Die ontwikkelingsomgewing in Suid-Afrika verander teen 'n geweldige tempo. Dit is belangrik vir ontwikkelingsorganisasies in Namakwaland, soos die Alexkor Ontwikkelingstigting, om tred te hou met hierdie veranderde omgewing as dit nie oorbodig of uitgedien wil raak nie. Dit is eweneens waar dat die Namakwalandse gemeenskappe nie in 'n vakuum kan opereer nie, maar onteenseglik deel vorm van hierdie veranderende konteks en as sodanig daarby moet aanpas.

Die Alexkor Ontwikkelingstigting wil deur sy ontwikkelingsprojekte en -programmenie alleen konkreet bydra tot die transformasieproses nie, maar dit op sodanige vvyse doen dat dit die gemeenskappe in Namakwaland in staat sal stel om positief op hierdie veranderende konteks te reageer. Soos ook duidelik blyk uit die Stigting se benadering tot ontwikkeling, stel dit mense eerste en is hulle deelname van deurslaggewende belang in die totale ontwikkelingsproses. Die verskillende rolspelers betrokke by ontwikkelingswerk in Namakwaland is dit eens dat die ontwikkelingswerk gekoordineer moet word ten einde meer effektief te wees. Daar is alreeds tot 'n groot mate daarin geslaag om werksaamhede van die onderskeie ontwikkelingsrolspelers te koordineer. Die gevolg is dat alle aandag veel eerder insluitend die Voorsitter van die Stigting. Hierdie scenario het egter verander na die trustakte in 2002 herstruktureer is en Alexkor Beperk vrygespreek is van sy verpligtinge teenoor die Stigting. Die verteenwoordiging huidiglik is as volg:

Boesmanland J C Losper (Voorsitter)

Sentraal J J Cardinal

Me L E Cloete

Me B E Vries

Richtersveld E Ntlai

Me R Joseph

Kamiesberg G Maarman

R D Cloete

Die Raad is verantwoordelik vir beleid formulering en finansidle bestuur. Die Raad vergader kwartaaliks waar besteding van meer as R10 000 hanteer word. Die Raad moet voorstelle goedkeur voordat dit geimplementeer kan word. Die Raad van Trustees word gefasiliteer deur'n Uitvoerende Komitee van vier lede.

## 14. AANWYSING VAN TRUSTEELEDE

Kragtens die trustakte moet een derde van die trusteelede jaarliks in alfabetiese volgorde aftree. Bedankings geduredende die finansiële jaar was as volg:

Mnr A F Hearne (Alexkor Direksie)

Mnr M Tsela (Alexkor NUM)

## 15. PERSONEEL

Die personeellede wat die werksaamhedevan die Stigting gedurende die oorsigtydperk hanteer het, was as volg:

Me E S Hayes (wnd: Bestuurder: Ontwikkeling)

Mnr H W Raymond (Finansies en Projek Beampte)

Me M K Magerman (Administrasie)

Me A G Louw (Administrasie)

Diamante is 'n nie hernu-bare bron en diamant-mynbou sal iewers in die toekoms tot 'n einde kom. Dit tesame met ander faktore uit die eksterne omgewing, het die Stigting genoop om sy benadering tot ontwikkeling te verander. Menslike ontwikkeling en bemagtiging is as die prioriteit deur die Raad van Trustees vasgestel. Infrastruktuur daarenteen sal teen 'n glyskaal uitgefaseer word.

## 16. ONDERWYS EN OPLEIDING

Die ontwikkeling van die menslike hulpbron potensiaal van die gebied is die grootste uitdaging vir die Stigting. Die Alexkor Ontwikkelingstigting was soos volg betrokke by die bevordering van ondenrvysstandaarde binne die streek:

Beurstoekennings. In ooreenstemming met die Trustakte word beurse uitsluitlik toegeken aan minderbevoorregte studente van die Namakwaland-streek. Die Stigting het gedurende die 2002/2003 finansiële jaar 332 beurse met 'n gesamentlike waarde van R77 1 995,70 uitbetaal.

## 17. MAATSKAPLIKE ONTWKKELING

Die Stigting se betrokkenheid by maatskaplike ontwikkeling is gerig op die verbetering van die lewensstandaarde van die arm gemeenskappe binne die streek. Die Stigting was betrokke by verskeie projekte, onder meer:

- Good Hope Shelter -R14 162,81
- Namaqua Support Organisation ('n organisasie wat vigslyers en hul familielede hulp en berading verleen) R13 000,00
- VGK Kinderhuis-R4500
- Rolstoele vir kinders (2 uit Aggeneys en 1 in Bulletrap) -R9 443,00
- Verskeie gestremde kinders in Namakwaland -R42 237 ,18
- Outehuis te Bergsig -R39 526,66
- Hulpverlening aan minderbevoorregtes t.o.v begrafnisse -R51 249,25
- Verskeie Bejaarde Klubs regoor Namakwaland

Die totale bedrag van R344 930 is vir maatskaplike ontwikkeling uitbetaal gedurende die finansiële jaar.

## 18. ENTREPRENEURSKAPS ONTWIKKELING

Werkloosheid is een van die grootste probleme wat Suid-Afrika in die gesig staar. Veral weens die afskaling van mynboubedry-wighede, het werkloosheid'n groot werklikheid en probleem in Namakwaland geword Die Stigting poog om deurlopend in oorleg met die gemeenskappe en ander befondsinginstansies te soek na metodes om die ekonomiese basis

van die streek uit te bou. Die skepping van werksgeleenthede is een van die grootste uitdagings vir die Stigting. Die Alexkor Ontwikkelingstigting is verbind tot die opheffing en bemagtiging van die mense van die streek. In hierdie verband het die Stigting soos volg betrokke geraak:

Groenkloof Node Tourism Projek ('n projek onder leiding van die jeug) R233 757,43

Witbank Besproeiingsprojek R194 045,51

Hoenderboerdery te Port Nolloth R112 227,50 (totale waarde van R160 000)

Namakwa Studio -R20 000 Manne Dipico Sport Kompleks R213 223,67 Die totale bedrag wat spandeer is ten opsigte van entrepreneurs ontwikkeling en werkskepping beloop die bedrag van R625 857.

**19. SPORT ONTWKKELING**

Die Stigting het die 2002/2003 finansiële jaar meer op sport ontwikkeling gekonsentreer as die vorige jare. Daar is gepoog om sover moontlik sportkodes te befonds waar die hele streek bevoordeel word, byvoorbeeld dit moet 'n Namakwaland span wees. Daar was uitsonderings op die reel, maar van geringe aard. Die volgende is onder meer befonds ten opsigte van sport:

- Tennisontwikkeling -R10 000
- Verskeie sokker klubs oor Namakwaland @ R2 000 elk
- Namakwaland Junior Krieket Unie R6 000
- Namakwaland USSASA Laerskole Rugby -R3 250

**20. KULTUURONTWKKELING**

Kultuurbetrokkenheid deur die Stigting het ook hooggety gevier. Die Stigting het onder meer die volgende befonds:

- Matjieskloof Kuns & Kultuurforum R7 000
- Mannekoor te Richtersveld -R7 000
- Extreme Promotions -R2 500
- Namakwa Skou -R40 531
- Leerlinge oor Namakwaland het buitelandse toere onderneem na onder meer Argentinië (R3 500) en Noorweë (R2 200)

**21. TOEKOMSVISIE**

Dit is die Stigting se siening dat ontwikkeling ten doel moet he om mense se kapasiteit te verhoog en hulle sodanig te bemagtig dat hulleself hul eie toekoms kan bepaal. Die fokus van die Stigting sal in die toekoms sterk gerig wees op die ontwikkeling van menslike hulpbronne van die streek. Die Stigting wil nie graag die ontwikkeling vir die gemeenskappe doen nie, maar veel eerder in samewerking met hulle.